ALGEMENE KURATORIUM BYLAAG 3

TEOLOGIESE OPLEIDING IN DIE NGK: MOONTLIKE SCENARIO'S

1. INLEIDING

Teologiese opleiding en navorsing was nog altyd vir die NGK belangrik gewees. Om die rede is dit nodig dat die NGK nie net voorsiening maak vir die gehalte opleiding van predikante nie, maar ook vir daarstelling van 'n teoloë wat die kerk in haar teologiese besinning kan bystaan. Dit is ook belangrik dat die NGK haar teologiese opleiding aan openbare universiteite voortsit ten einde enersyds studente aan die breë Suid-Afrikaanse samelewing bloot te stel en andersyds om sinvol aan die openbare diskoerse te kan deelneem.

- Tans is daar ongeveer **160 studente** oor 6 jaar ingeskryf by die 3 geakkrediteerde fakulteite Daar is ook 'n groeiende getal tweedeloopbaanstudente.
- Alhoewel dit moeilik is om die aantal predikantposte wat die NGK oor die volgende 40 jaar gaan benodig, en kan bekostig, te voorspel, is daar rede om te aanvaar dat daar tans te min predikante opgelei word.
- Daar is tans ongeveer **30 dosente,** waarvan na raming 6 emeriteer oor die volgende 5 jaar, wat by die drie fakulteite klasgee.
- Daar kan aanvaar word dat waar die NGK nie poste ten dele of ten volle befonds nie die aantal poste beklee deur NGK dosente vanweë transformasie sal **afneem** soos wat die bestaande dosentekorps emeriteer. Die oorblywende poste en kundigheid sal ook waarskynlik **oneweredig verspreid** wees tussen die drie fakulteite.
- Daar is **beperkte bronne** beskikbaar vir die befondsing van NGK akademiese poste. Akademiese inflasie (wat hoër as die algemene inflasiekoers is) en die dalende inkomste van gemeentes gaan die bestaande bronne vir teologiese opleiding onder nog meer druk plaas as tans.
- Daar is 'n **konsentrasie** van infrastruktuur en fondse vir teologiese opleiding in die Weskaap-sinode.

2. MOONTLIKHEDE WAT VERDER ONDERSOEK MOET WORD.

Voorgraads (jare 1-4)

- Studente verwerf 'n **4 jaar B-graad (tans BDiv) met Grieks en Hebreeus tot op tweedejaarsvlak** wat residensieel aangebied word.
- Die **drie fakulteite** wat tans geakkrediteer word, behou elkeen sy eie **kuratorium** en liggaam wat verantwoordelikheid neem vir **kerkeie opleiding**. Die verskillende ooreenkomste wat die fakulteite met hul onderskeie universiteite het word gehandhaaf en uitgebou soos wat fondse dit toelaat.
- **Ander opleidingsentra** kan ook geakkrediteer word (tans net US, UV, UP) mits duidelike kriteria vir akkreditasie ontwikkel word (bv. die kuratorium het inspraak in die kurrikulum, NGK dosente gee klas by die instelling, daar is 'n kerkeie opleidingprogram).

Nagraadse opleiding (jare 5-6)

- Sowel eerste, as tweede, loopbaan studente behaal **dieselfde M-kwalifikasie**.
- Daar word beweeg na **een M-program** wat **by een universiteit** aangebied word (daar is min kerke wat 'n MDiv vereis en die relatiewe klein klasse kan meebring dat die aanbied van die MDiv by al drie van die huidige fakulteite dit nie volhoubaar maak nie). Daar moet daarom onderhandel word met die verskillende fakulteite oor wie die M-graad sal toeken.
- Die M graad word oor **twee jaar aangebied** en die studente is vir die twee jaar **voltyds in gemeentes werksaam**.
- Daar is **8 kontakweke** oor die twee jaar van die M-program versprei wat op **verskillende plekke** aangebied word (groepe studente kan bv. na verskillende groot dorpe, plattelandse gemeentes en makrogemeentes gaan met van die kontakweke wat op Wellington by die AMSS aangebied word|).
- **Dosente** vanuit die algemene dosenteraad word gekontrakteer saam met **gemeenteleraars** soos benodig om te doseer in die program.

VBO

- Die bestaande VBO programme moet behou en uitgebou word.

Nagraadse studie

- Daar moet ’n **pyplyn** vir nagraadse studente gebou word. Knap studente moet geïdentifiseer word, ondersteun word met hulle **M en D studies**, en **postdoktorale geleenthede** moet geskep word.

Dosente

- Daar moet **een algemene dosenteraad** van die NGK wees wat gereeld vergader (2 jaarliks?). Die dosenteraad word saamgestel uit die drie bestaande dosenterade (en moontlik ander NGK akademici).